20.2 RAPPORT DEPUTATE KERKORDE, ARTIKEL 49 – GK LINDEN (Artt 92, 176)

20.2 REPORT DEPUTIES CHURCH ORDER, ARTICLE 49, GK LINDEN (Arts 92, 176)

A. Dr PH Heystek stel die Rapport.
Dr PH Heystek tables the Report.

B. **Besluit:** Punt 4.2 word verwys na Kommissie Kerkregtelik 1 om die Sinode te adviseer rakende 'n opdrag vir die te benoeme Deputate.
Decision: Point 4.2 is referred to Commission Church Polity 1 to advise the Synod regarding a mandate for the to be nominated Deputies.

C. Ds LM Floor rapporteer namens Kommissie Kerkregtelik 1.
Rev. LM Floor reports on behalf of Commission Church Polity 1.

D. **RAPPORT / REPORT**

1. Opdrag (Acta 2018:33-34, 1.5) "Staan die Klassis Groter Johannesburg by om hulle verantwoordelikheid na te kom, om sover moontlik, versoening tussen die GK Linden se Kerkraad en die appellante te help bewerkstellig." **Besluit: Kennis geneem.**	**1. Mandate (Acta 2018:33-34, 1.5)** Support the Classis Greater Johannesburg in fulfilling their task to bring about reconciliation between the Church Council of the GK Linden and the appellants. **Decision: Noted.**
2. Sake waarvan die Sinode kennis neem	**2. Matters that the Synod takes note of**
2.1 'n Appèl van Howell, Kruger en Smit het by die Algemene Sinode (2015) teen besluite van die Streeksinode Randvaal geslaag.	2.1 An Appeal by Howell, Kruger and Smit against decisions of the Regional Synod Randvaal succeeded at the General Synod (2015).
2.2 Die Appèl het beredeneer dat Streeksinode Randvaal besluite van Klassis Groter Johannesburg gehandhaaf het. Klassis Groter Johannesburg het besluite van die GK Linden gekondoneer.	2.2 The Appeal argued that the Regional Synod Randvaal upheld decisions of the Classis Greater Johannesburg, which condoned decisions by the GK Linden.
2.3 Die geslaagde Appèl impliseer dat die besluite van die GK Linden opnuut in behandeling geneem moes word en dat daar sodoende weer, indien moontlik, versoening tussen die appellante en Kerkraad moes kom.	2.3 The successful Appeal implies that the decisions of the GK Linden should have been reviewed anew and to thereby bring about reconciliation between the appellants and Church Council, if possible.
2.4 Daar het sedert 2015 nog nie iets wat in 2.3 hierbo genoem is, gebeur nie.	2.4 There have been no new developments in this regard to 2.3 above since 2015.
2.5 Algemene Sinode (2018) het bogenoemde opdrag tot advies aan Kerkorde, art. 49 Deputate opgedra.	2.5 General Synod (2018) referred the above instruction to the Deputies Church Order, art 49 for advice.
2.6 Gesprek is op 30 April 2020 aangevra (Skrywe aan Deputate Korrespondensie, Klassis Groter Johannesburg).	2.6 A meeting was requested on 30 April 2020 (letter to the Deputies Correspondence, Classis Greater Johannesburg).
2.7 Die Sinodale Deputate (KO, art 49) het die Deputate vir Kerk-eenheid (Klassis Groter Johannesburg) op 26 Mei 2022 te Randburg ontmoet.	2.7 The Synodal Deputies (CO, art 49) met with the Deputies Church Unity (Classis Greater Johannesburg) on 26 May 2022 in Randburg.

Besluit: Punte 2.1 tot 2.7 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.7 noted.**
3. Advies aan die Klassisdeputate gelewer	**3. <u>Advice to the Deputies Classis</u>**
3.1 Dat die Klassis Groter Johannesburg die GK Linden versoek om opnuut weer met die appellante in gesprek te tree.	3.1 The Classis Greater Johannesburg is to request the GK Linden to resume talks with the appellants.
3.2 Dat die fokus van sodanige gesprek moet wees om in die gees van Christelike liefde persoonlike verhoudinge te vestig wat moontlike onrus/ongeduld rakende die saak uit die weg kan ruim. Die betrokke besluite van Linden waarteen die Appèl geslaag het, behoort aan die orde te kom – selfs al sou daar verskil bly bestaan.	3.2 The focus of such discussions must be to establish personal relationships in the spirit of Christian love to eradicate possible concern/impatience over the matter. The relevant decisions of GK Linden, against which the Appeal succeeded, should be addressed – even if there is still some disagreement.
3.3 Gedurende die ontmoeting met die Deputate van Klassis Groter Johannesburg het die gesprek telkens teruggevloei na 'n breër verstaan van die opdrag van die Sinodedeputate: Vrae oor die praktiese verstaan en hantering van die versoenings-proses. Daar is onder meer gesprek gevoer oor:	3.3 During the meeting with the Deputies Classis Greater Johannesburg the discussion continually returned to a broader understanding of the task of the Synodal Deputies: questions over the practical concept and handling of the reconciliation process. The following was also discussed:
3.3.1 Die ordelike weg wat KO, art 46 aandui wanneer Kerkrade nie bereid is om besluite te verander na 'n geslaagde Appèl nie.	3.3.1 The orderly way CO, art 46 indicates when Church Councils refuse to amend decisions after a successful Appeal.
3.3.2 Die moontlikheid om van 'n fasiliteerder gebruik te maak, byvoorbeeld een van die Sinodedeputate.	3.3.2 The possibility of appointing a facilitator, for example from the Synodal Deputies.
3.3.3 Ter wille van die eenheid van Christus se kerk in die GKSA, is die Klassisdeputate daarop gewys dat die bedieningsmodelle van kerke in die Klassis wat van die voorskrifte van die Kerkorde afwyk, vir beoordeling aan meerdere vergaderings van die GKSA voorgelê behoort te word.	3.3.3 It was pointed out to the Deputies Classis that for the sake of unity in Christ's church in the GKSA ministry models of churches in the Classis that deviate from the Church Order should be tabled at a major assembly of the GKSA.
Besluit: Punte 3.1 tot 3.3.3 kennis geneem.	**Decision: Points 3.1 to 3.3.3 noted.**
4. Sake waaroor die Sinode besluit <u>Aanbeveling</u>	**4. Matters that the Synod decides on** <u>Recommendation</u>
4.1 Die Sinode neem kennis van die Rapport.	4.1 The Synod is to take note of the Report.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
4.2 Dat die Sinode nie weer Deputate aanwys om met hierdie saak te handel nie.	4.2 The Synod should not appoint further Deputies for this matter.

Besluit: Nie goedgekeur nie. **<u>Motivering</u>: Volgens die getuienis van die Deputate en lede van die Sinode is daar nog nie versoening bereik nie. Die regsgevolge van die Appèl het nog nie gerealiseer nie.** **Besluit: Punt 4.2 word na Kommissie Kerkregtelik 1 verwys om die Sinode te adviseer rakende 'n opdrag vir die te benoeme Deputate.**	**Decision: Not approved.** **<u>Motivation</u>: According to the testimony of the Deputies and members of the Synod, reconciliation has not yet been achieved. The legal consequences of the Appeal have not yet materialized.** **Decision: Point 4.2 is referred to Commission Church Polity 1 to advise the Synod regarding a mandate for the to be nominated Deputies.**

E. **RAPPORT VAN KOMMISSIE KERKREGTELIK 1**
REPORT OF COMMISSION CHURCH POLITY 1

1. Opdrag	**1. Mandate**
1.1 Met verwysing na Rapport 20.2 van die Deputate Kerkorde.	1.1 With reference to Report 20.2 of the Deputies Church Order.
1.2 Die Rapport is verwys na die Kommissie met die voorstel van dr GJ Meijer dat die regsgevolge van die Appèl deurgevoer moet word.	1.2 The Report was referred to the Commission along with the suggestion of dr GJ Meijer that the legal consequences of the Appeal should be executed.
1.3 Om die Sinode te adviseer hoe om dr GJ Meijer se voorstel kerkregtelik reg te hanteer.	1.3 To advise the Synod on how to handle dr GJ Meijer's proposal.
Besluit: Punte 1.1 tot 1.3 kennis geneem.	**Decision: Points 1.1 to 1.3 noted.**
2. Werkswyse	**2. Modus operandi**
2.1 Dr RM van der Merwe het as toeligter van die Deputate insette gegee.	2.1 Dr RM van der Merwe gave input as an elucidator of the Deputies.
2.2 Dr GJ Meijer het toeligting gegee rondom sy voorstel.	2.2 Dr GJ Meijer gave clarification on his proposal.
2.3 Di HC van Rooy en J van Schaik het versoek om die Kommissie toe te spreek.	2.3 Revs. HC van Rooy and J van Schaik requested to address the Commission.
Besluit: Punte 2.1 tot 2.3 kennis geneem.	**Decision: Points 2.1 to 2.3 noted.**
3. Beredenering	**3. Reasoning**
3.1 Indien 'n Appèl geslaag het word veronderstel dat daar aan die regsgevolge daarvan uitvoering gegee sal word.	3.1 If an Appeal has been upheld, it is presumed that the legal consequences thereof will be given effect.
3.2 Dit is bevestig dat daar nog nie aan die regsgevolge van die Appèl uitvoer gegee is nie, wat daarop neerkom dat die appellante se reg nog nie herstel is nie, en daarom is die versoeningsproses nog nie afgehandel nie.	3.2 It has been confirmed that the legal consequences of the Appeal have not yet been given execution, which boils down to the fact that the appellants' right has not yet been restored, and therefore the reconciliation process has not yet been concluded.
3.3 Omdat die betrokke partye GK Linden en die appellante is, is die regsgevolge en implikasies daarvan weer terug op die tafel van die Kerkraad van GK Linden, en moet daar versoening bemiddel word.	3.3 Because the parties involved are GK Linden and the appellants, the legal consequences and implications thereof are back on the table of the Church Council of GK Linden, and reconciliation must be mediated there.

Besluit: Punte 3.1 tot 3.3 kennis geneem.	**Decision: Points 3.1 to 3.3 noted.**
4. Aanbeveling	**4. Recommendation**
4.1 Dat met dank kennis geneem word van die werk van die Deputate.	4.1 That the work of the Deputies be noted with gratitude.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
4.2 Dat nie gevolg gegee word aan die aanbeveling dat daar nie weer Deputate aangewys word nie.	4.2 That the recommendation for Deputies to not be named again, is not accepted.
Besluit: Goedgekeur.	**Decision: Approved.**
4.3 Aangesien die regskrenking nog nie herstel is nie en versoening nog nie plaasgevind het nie, dat die Sinode volgens KO, art 49 nuwe Deputate aanwys met die volgende duidelike opdrag:	4.3 Since the injustice has not been restored and reconciliation have not yet taken place, that the Synod appoint new Deputies according to CO, art 49 with the following clear instruction:
4.3.1 Om versoening tussen die Kerkraad en die appellante te bemiddel.	4.3.1 To mediate reconciliation between the Church Council and the appellants.
4.3.2 Die Deputate moet aandag gee aan die regsgevolge sodat die regskrenking herstel kan word.	4.3.2 The Deputies must pay attention to the legal consequences so that the injustice can be restored.
Besluit: Punte 4.3 tot 4.3.2 goedgekeur.	**Decision: Points 4.3 to 4.3.2 approved**